Tjokkies Preprimêr
TEL: 051-522 3628
preprim@tjokkies.co.za



# Tjokkiebrief

10 Junie 2026
Kw. 2 NUUSBRIEF 4

## TENTEDAG

**Vrydag**

Op Vrydag 12 Junie, hou die kleuters "Tentedag" by die skool om ons huis-tema mee af te sluit.

Vrydagoggend mag u 'n tentjie vir u kleuter op die terrein kom oplslaan. Moenie nuwe tente hiervoor aanskaf nie, kleuters speel saam-saam in die tente en elkeen hoef ***nie sy eie tent te hê nie.*** Piekniek-kombersies óf klein kampstoeltjies is welkom, **geen speelgoed**!

Die kleuters ontvang 'n boereworsbroodjie vir Bederfdag.

Kosblikke hoef dan nie kos in te hê nie, maar wel eie lekkertjies, chippies of koekies.
Geen koeldrank nie, ons verskaf die koeldrank.


My kleuter gaan Vrydag Tentedag bywoon
Select one
Ja 0
Nee 0
11:46
View votes

**Elke juffrou gaan 'n Poll op haar klasgroep plaas om getalle vir die aankope van wors te bepaal. Wees asseblief op die uitkyk daarvoor.**



***Ons benodig 3 tot 4 pappa's wat vanaf 8:15 - 9:00 die wors kan kom help braai, bring asseblief 'n toeknyprooster saam.***

***Indien u kan kom help, laat weet asseblief vandag nog u kleuter se klasjuffrou privaat.***

## Belangrike datums op die kalender:

- 15 Junie - Spesiale skole vakansiedag
- 16 Junie - Jeugdag (Publieke vakansiedag)
- 21 Junie - Vadersdag
- 26 Junie - Skool sluit




| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 15<br>Spesiale skole vakansiedag | 16<br>Jeugdag | 17 | 18 | 19 | 20<br>Smartees klas juffrou verjaar (Adriana) | 21<br>Vadersdag |
| 22 | 23 | 24 | 25<br>Kleuters ontvang verslae | 26<br>Skool sluit om 10:00 | 27 |  |
| 29 | 30 | | | | | |




**Let wel:**

**Ons Tjokkie Lympics Sportdag vir Tjokkies Graad R-kleuters vind op Vrydagmiddag 31 Julie plaas.**

**(Die 2de Vrydag na die skole begin het)**

